**Poësie – Graad 7 Eerste Addisionele Taal:**

Pas die korrekte verklarings in kolom B by die mees geskikste terminologie in kolom A. Skryf die korrekte letter in Kolom C.

| | Kolom A | | Kolom B | C |
|---|---|---|---|---|
| 1 | rymskema | A | Wanneer twee aspekte met mekaar vergelyk word | |
| 2 | intensiewe vorm | B | Wanneer lewendige eienskappe aan 'n dooie ding gegee word | |
| 3 | personifikasie | C | Die herhaling van vokaal klanke | |
| 4 | vergelyking | D | Die woorde aan die einde van die versreëls rym met mekaar | |
| 5 | assonansie | | Die mees oortreffende trap van iets. | |

Lees die gedig vinnig deur. Skryf die woorde wat jy nie verstaan nie in die kolom neer.

| Woorde uit die gedig | Eie woorde uit die gedig |
|---|---|
| geitjie | |
| grootpraat | |
| benerige | |
| papewer | |
| kadawer | |

Lees die onderstaande  gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

# Monsterpartytjie

1. Daar's 'n monsterpartytjie
2. op oom Piet se plaas,
3. elke gogga en geitjie
4. wil grootpraat en raas.

5. 'n benerige geraamte
6. is heel uit sy humeur
7. en 'n wit spookgedaante
8. loop dwarsdeur die deur.

9. 'n Besete kadawer
10. jaag 'n afbeen-kind,
11. eet 'n bloedrooi papawer
12. en foeps in die wind.

13. Daar's 'n haan met 'n houding
14. ag hemel behoed!

15. Hy pronk rond soos ‘n skouding
16. en skiet wie hom groet.

17. Dis moord en dis oorlog
18. in oom Piet se huis,
19. elke grysende gedrog
20. lê in met die vuis.

21. Dis ‘n aaklige storie
22. die toekoms lyk sleg
23. by my goeie gedorie
24. bly liewer daar weg!

*Annemari Coetzer: Vlis met vlerke*

1. Wat dink jy bedoel die digter met die titel, Monsterpartytjie?
2. Op wie se plaas is die partytjie?
3. Dui die rymskema van die eerste twee stanzas aan.
4. Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi.
   Skryf slegs die letter (A-D) en die vraagnommer (4) neer.
   *“eet ‘n bloedrooi papawer” is ‘n goeie voorbeeld van ‘n …*
   A. metafoor.
   B. vergelyking.
   C. intensiewe vorm.
   D. ironie.
5. Wat beteken die woord ‘besetene’?
6. In die laaste versreëls word die digter baie (opgewonde/benoud).
7. *“Hy pronk rond soos ‘n skouding”* is ‘n goeie voorbeeld van ‘n …
   Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en antwoord op jou bladsy neer.
   A. metafoor
   B. vergelyking
   C. ironie
   D. sarkasme
      7.1 Dink jy die woord ‘*skouding*’ het ‘n positiewe of negatiewe konnotasie?
8. Identifiseer die personifikasie in stanza 4.
9. Verduidelik die gebruik van assonansie in ‘n gedig.
   9.1 Haal ‘n voorbeeld van assonansie uit stanza 5 aan.
10. Verduidelik die gebruik van woorde soos ‘*dis moord en dis oorlog*’.